**Skriflesing:** Lukas 24:13-35
**Tema:** Om alles te weet, beteken nog niks nie.

Wat is die kortste en eenvoudigste moontlike manier om te verduidelik wat geloof is? My antwoord is dat geloof 'n kop(kennis); hart(verhouding) en hand(leefwyse) ding is.

Maar geloof begin by die Here se liefdeskeuse vir ons en Sy saamloop met ons.
Die Emmausgangers is sonder hoop en verslae, tog kom loop Jesus saam met hulle.
In ons wanhoop en twyfel verlaat die Here ons nie. In ons traagheid, maar ook in ons beste, dikwels onsuksesvolle, pogings om alles te verstaan, kom loop Hy saam met ons. Hy lei ons geduldig dat ons oë sal oopgaan sodat ons die onsienlike sal sien.
Saam die Here se saamloop met ons, is geloof 'n kop, hart en hand ding.

**Geloof is 'n kop (kennis) ding.**
Die Emmausgangers het waarskynlik saam met Jesus en sy dissipels beweeg. Hulle weet 'n klomp goed.

Hulle voorsien die "vreemdeling" wat met hul kom saamloop van al die korrekte inligting oor:
"Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk.
Ons priesterhoofde en die lede van ons Raad het Hom oorgelewer om ter dood veroordeel te word en hulle het Hom gekruisig.
Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos, maar vandag is al die derde dag vandat die dinge gebeur het.
En asof dit nie erg genoeg is nie, het die vroue hulle ook nog ontstel. Die vroue was by die graf en kon sy liggaam nie kry nie. Hulle vertel dat hulle 'n verskyning gesien het van engele wat gesê het dat Hy lewe.
Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan en dit net so gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie."

Jesus antwoord hulle dat hulle 'n klomp goed weet, maar duidelik verstaan julle dit nie. Glo julle dan nie al die dinge wat God se boodskappers gesê het nie? Julle weet mos al uit die Ou Testament dat Christus al hierdie dinge moes ly om in sy heerlikheid in te gaan.
Hy het weer die eerste 5 boeke van die Bybel, al die profete en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

Op hulle uitnodiging, het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken.

Ons weet ook 'n klomp goed. Die meeste van ons is begenadig en het in Christelike huise en skole grootgeword.
Verlede naweek het ons Paasnaweek gevier. Ons weet dat Jesus vir ons, in ons plek, gekruisig is.
Ons weet met vreugde dat Hy opgestaan het en leef en vir ons wil laat deel in hierdie nuwe lewe.

By Nagmaal, eet ons van die brood en drink ons van die wyn. Vanoggend by die doop verseker die Here ons weer dat Hy Hom aan ons verbind om ons God te wees en saam met ons te loop.

Ons ken die Geloofsbelydenis wat ons vanoggend hardop gedoen het.

Ons glo dat daar net een God is, maar die duiwels doen dit ook.

Ons lees in Jakobus 2:19: “Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook en hulle sidder van angs.”

Dit is duidelik dat geloof nie net ‘n kop ding kan wees nie. Om alles te weet, beteken nog niks nie.

**Geloof is ‘n hart(verhoudings) ding.**

Jesus vra die seën, breek brood en toe gaan hulle oë oop en hulle het Hom herken. Hulle sê vir mekaar: “Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?”

Die Here loop saam met ons. Hy loop nie meer hier op aarde sigbaar met my saam saam nie, maar verskyn aan ons deur sy besondere en algemene openbaring.
Sy besondere openbaring is in die eerste plek die Bybel, God se Woord in mensetaal. Die Emmausgangers se harte het warm geword toe Jesus vir hulle verklaar wat regtig in die Bybel staan. Die Here loop saam met ons by geestelike byeenkomste soos eredienste en kleingroepe. Hy verseker vir ons van sy liefde deur die doop en nagmaal.
Sy algemene openbaring aan ons kan op baie maniere gebeur, maar Hy openbaar Hom in die eerste plek aan ons deur die natuur.

Die Here loop met ons saam, elkeen van ons moet ’n getuienis hê van ‘n eenmalige en daaglikse ontmoeting met Hom.

Ons hoef nie ‘n datum te hê nie. Paulus het baie waarskynlik na sy Damaskus ervaring ‘n datum gehad. Van die jongman Timoteus se geloof, skryf dieselfde Paulus in 2 Timoteus 1:5: ”Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.”

Maar Timoteus se familie se geloof, maak nie van hom ’n Christen nie. Elkeen van ons moet, soos die Emmausgangers, ’n keuse maak om Jesus in te nooi. Ons doen dit met ‘n eenvoudige gebed. Wanneer ons Hom innooi, gee die Here vir ons in Johannes 1:12 die wonderlike versekering: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

Wanneer ons ’n ontmoeting met God gehad het en in ‘n verhouding met Hom staan, is dit hoorbaar in ons woorde en sigbaar in ons dade.

**Geloof is ook ‘n hand(leefwyse) ding .**

Ons lees in Lukas 24:33-34: “Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar, en dié sê: “Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!”

Toe die Emmausgangers Jesus herken en hul harte warm geword het, het hulle lewens verander. Toe Jesus by hul aansluit het, het hulle voete moedeloos gesleep. Nou gaan hulle dadelik terug en gaan vertel! Niks kan hulle keer om die goeie nuus van Jesus met ander te gaan deel nie.

Jy kan nie met jou mond toe op jou hande sit en ‘n gelowige wees nie. Daar is nie iets soos stom stilsit geheime agent vir Christus nie.

Ons lees in Jakobus 2:20-22: “Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is?

Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie?
Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaardgegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het.”

Ons dade en woorde moet mekaar aanvul. Mense is nogal lief vir dié aanhaling van Franciskus van Assisi: "Verkondig die evangelie sonder ophou, en as dit regtig nodig is, gebruik woorde."
Dit klink goed, maar daar bestaan redelike twyfel dat hy dit ooit gesê het. Dit rym nie met wat ons in Romeine 10:9-10 lees nie: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.”
Ons spreekwoord: “Wat hart van vol is, loop die mond van oor” bevestig waarom Christene nie kan stilbly oor die goeie nuus van Jesus Christus nie.

Kennis oor God en sy Woord is goed en nodig. Maar dit alleen red ons nie. Dit gee ons ook nie hoop of lewe nie.
Iewers moet elke mens sy/haar persoonlike geloofsoorgawe maak. Die Here loop saam met ons. Ons moet kies om Hom in te nooi.
En so ‘n ware geloofsoorgawe, is hoorbaar en sigbaar in ons lewens.
Amen